

BOEKBESPREKING

K. Nürnberger E.A.: *Affluence, Poverty and the Word of God*. On interdisciplinary Study-program of the Missiological Institute Mapumulo. (Lutheran Publishing House, P.O. Box 4763, West Street 176, Durban. Prys onvermeld).

Ongeveer dertig referate word in die 280 bladsye van hierdie publikasie aangebied. Die Missiologiese Instituut te Mapumulo (MIM) beoog om die aktuele vraagstuk van oorvloed en armoede op persoonlike, strukturele, landbou, Bybelse en kerklike terrein ekumenies te bestudeer. Die onderwerp raak die essensie van die ideologiese verdeling in die wêreld vandag. Tegelykertyd raak dit die aspirasies en lewensrealiteit van individuele mense en mensgemeenskappe. Die stof is in die wêreld deur demagoë dikwels aangewend om populistiese rewolusies in die hoop van 'n utopia te ontken. Die direkteur van MIM, dr. K. Nürnberger, derigeer die studie en die publikasie. Uit ons geleedere het dr. J. H. van Wyk 'n bydrae oor „Ethical principles and economic facts” gelewer.

Die studie en publikasie is op 'n bepaalde wyse aangepak om die voor- dragte en „feed-back” ten beste te dien (p. 9, 10). Die ervaring is d.m.v. „questionnaires of the brainstorming type” ge-evalueer en bevind dat talle voordragte te lank, te moeilik geskrywe, te akademies, te abstrak was (p. 11). Motivering het aan die ander kant dikwels by die konferensiegangers ont- breek.

Nürnberger sê dat die meeste „Whites” voorkeur gee aan 'n stelsel van vrye onderneming terwyl die meeste „blacks” „strong socialist leanings” koester, sonder dat hulle hulle bewus is van „some pitfalls in socialism as well” (p. 19).

N. wil toegee dat verandering van strukture sonder innerlike mens- vernuwing geen doel dien nie. Tog kry 'n mens die indruk dat die beplan- ning (en moontlike opvolging?!) primêr op struktuurverandering en nie op mense gerig was nie (p. 22). N. plaas die skuld vir probleme m.i. eensydig en partydig op blankes (p. 23). „Economic justice” kom vir N. neer op 'n herverdeling van die „common pudding”. Die proef op die som is nie die vraag van „absolute poverty or absolute affluence but rather . . . the question of equal or unequal distribution of the common product of a society. It poses the problem of economic justice and economic structures” (p. 33). N. aanvaar dus dat 'n gemeenskap en nie die individu nie tot werk geroep is en elke individu dus dieselfde porsie van die „common pudding” moet ontvang. Die tema van gelyke inkomsteverdeling, ongeag eie verantwoordelikheid en produksie, kom in meer voordragte voor.

N. (en ander) se „society”-begrip word deur die staat onpersoonlik en onveranderbaar bepaal. Hy diskrimineer gevolglik in tipiese kolonialistiese europese tradisie binne die society (staat) met slegs uiterlike ras-faktore („blacks” en „whites”). Die hantering van 'n basiese rassedialektiek, feitlik as sinoniem vir „have's” en „have nots”, val in die meeste bydraes op (vgl. bv. p. 49 e.v.). Assondag lyk dit asof die vertrekpunt van MIM deur die neo-kolonialisme en neo-marxisme bepaal is. Dit maak ook die opset t.o.v. „strukture” deursigtelik. Die direkteur (N) se opset (p. 14-34) open- baar min begrip vir „affluence” van een as oorsaak van lewensmoontlikheid vir 'n ander, vir persoonlike reg en roeping t.o.v. eiendom, vir natuurlike

en plurale kultuur- en volksgemeenskappe en hoe innerlike motivering, lewensfilosofie en ervaring menslike individue en gemeenskappe in die ekonomiese bedrywigheid raak. Nie die verantwoordelikheid van die individue, maar die „system” moet die „change” meebring. Die maklike veralgemenings en verwyging van die probleme t.o.v. ryk „swartes” en arm „wittes” verleen aan die opset ’n tendensieuse strekking.

Verskillende artikels gaan in politieke en ekonomiese bespreking op Nürnberger het sy eie teorie. Hy aanvaar ’n „affluent centre and the poor periphery” (p. 57-78). Daarvolgens verwerp hy „homeland independence” omdat ’n „swarte” daardeur sy reg op die welvaart van die sentrum (p. 72) afstaan.

Sommige gesaghebbendes bied waardevolle en insiggewende inligting. Die vakwetenskaplike en teologiese bydraes vorm m.i. meer ’n dekor vir die MIM-projek. Dit lyk na orkesbegeleiding om ’n bepaalde sosialistiese ekonomiese en politieke bestel te loods. Nürnberger glo dat dit moet en sal kom (p. 64).

As bron van inligting en weergawe van die politieke insigte te Mapumulo is die publikasie waardevol. Wanneer teoloë egter die laaste woord oor ekonomiese en politieke realiteite wil spreek, doen dit af aan die betroubaarheid en ewewigtigheid van die werk. My totaal-indruk was dat die projek van MIM die koninkryk van hierdie wêreld op die oog het. Anders gestel: soos Luther het MIM nie geslaag om die koninkryk van die hemel sinvol in hierdie wêreld vernuwend te laat indring nie.

B. SPOELSTRA

'n Nuwe lied vir die Here —opstelle by die verskyning van die nuwe Psalm- en Gesangboek onder redaksie van J. A. Loader. H.A.U.M. 177 bladsye. Prys R6,75.

Hierdie boek is ’n feesbundel wat in opdrag van die Raad vir Kerkmusiek van die Nederduitsch Hervormde Kerk uitgegee is om die verskyning van die nuwe Psalm- en Gesangboek te begelei.

En laat ek dit maar dadelik sê: die lees daarvan was louter genot!

Die redakteur meld in die inleiding dat die bundel van nege opstelle die tema vanuit verskillende vakgebiede en gesigshoeke benader. Dit is inderdaad so — die kerklied word eksegeties, liturgies, dogmaties, kerk-histories en boonop prakties bekyk, wat dit reeds interessant maak. Boonop is die skrywers nie almal aan een kerk verbonde nie.

Die gedagte was ook dat die bundel vir almal toeganklik moes wees, en nie net deur vakspesialiste gelees moet word nie. Die verskillende skrywers het, na my mening, in ’n baie groot mate daarin geslaag om die belangstelling te hou en te prikkel van elkeen wat ook maar enigsins in kerksang geïnteresseerd is.

Die enigste opstel wat nie so direk met die inhoud of ontwikkeling van die nuwe Psalm- en Gesangboek te doen het nie, is J. A. Stoop se opstel oor „Die kerkliedere van Hilarius van Poitiers”. Alhoewel die artikel interessant is en getuig van deeglike studie en kennis, is dit so tegnies en kom daar soveel Latyn in voor dat ’n mens voel dat hierdie werkstuk in ’n meer vakwetenskaplike publikasie beter tuishoort.

Die betekenis en nawerking van die Bybelse uitdrukking „’n nuwe lied” word deur A. v. Selms pragtige eksegeties en histories behandel. Die titel van die bundel is dan ook klaarblyklik ontleen aan tekste soos Jes. 42 : 10,

Ps. 33 : 3, Ps. 96 : 1, Ps. 144 : 9 en andere wat in die opstel bespreek word. Sy slotparagraaf is egter vir my 'n raaisel: „Nou kondig ons in die Afrikaanse reformatoriese kerke ook 'n nuwe lied aan . . . mag dit ook onder die genadige beskikking van God 'n nuwe, bevrydende fase in die geskiedenis van hierdie subkontinent inlui.” Waarvan en hoe is die nuwe boek 'n bevryding?

Die eksegese van Die Lofsang van Maria in W. S. Vorster se opstel „'n Loflied van 'n arm vrou—die Magnificat” is wel interessant, maar na my mening te tegnies vir die gewone leser. 'n Onberedeneerde spekulatiewe opmerking soos „sonder om op alle argumente in te gaan, blyk dit onwaarskynlik te wees dat Maria self die lied oorspronklik uitgespreek het” is ook nie goed verantwoord nie. Die bespreking van Gesang 76 as beryming van die lofsang van Maria is baie insiggewend.

„Die kerklied tydens die Reformasie, asook enige musikale aspekte daarvan” word bespreek in 'n deeglike opstel deur R. Mathlener. Hy gee veral aandag aan Luther, Calvyn en Zwingli se siening en bevordering van kerksang. Hy beklemtoon die interessante feit dat „vele van die Calvinitiese Psalm-melodieë en van die Lutherse koraalmelodieë oorspronklik volkswysies was, of gewysigde volkswysies was”, en dat die populêre gebruik van die melodieë een van die grootste aantrekkingskragte van die protestantse erediens was. (Of dit van die situasie van vandag gesê kan word, betwyfel ek). Die groot verskille tussen die melodieë van die Psalms aan die een kant en dié van die Gesange aan die ander kant word in hierdie opstel en andere gekonstateer.

„Die Psalmzingers” is 'n opstel deur A. D. Pont waarin hy hom verantwoord oor die rol wat die Gesange gewessie gespeel het in die ontstaan van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Om een of ander rede meld die skrywer egter nooit die naam van die kerk nie, maar skryf alleen: „1859 was dié jaar in ons kerk se geskiedenis toe ons kerk 'n skeuring of 'n afsplintering beleef het omdat 'n groep lidmate nie die Evangeliese Gezangen, wat destyds in gebruik was, in die godsdiensoefening wou sing nie” (bl. 67). Hy meld ook nie watter kerk „ons kerk” is nie. Sonder om in besonderhede te verval moet dit darem gestel word dat dit 'n eensydige en oorvereenvoudigde weergawe is van die werklikheid waarmee ek glad nie kan saamstem nie. Die Gereformeerde Kerk het werklik nie net oor die sing van Gesange ontstaan nie. 'n Soortgelyke onverantwoorde steek word die stigters van die Gereformeerde Kerk toegedien in die slotsin van 'n anders goeie artikel: „Waarskynlik vanweë die trekke van eksklusiwisme wat in die teologies-godsdienstige denke van die Nadere Reformasie bestaan het, het die Psalmzingers verkies om die pad van kerkskeuring in plaas van kerkhervorming te bewandel.” Pont haal aan uit B. Spoelstra se werke oor die Doppers in S.A., maar hy het tog nie kennis geneem van byvoorbeeld die hele stryd op die Ring van Graaff-Reinet oor die situasie met ds. Reid op Colesberg wat juis op hervorming gemik was en nie op skeuring nie.

Waardevolle leiding en verantwoording oor „Die begeleiding en die melodie van die kerklied” word deur P. J. Cilliers gegee in sy opstel met dié titel. Hy bespreek sekere riglyne by die keuse van 'n melodie van die kerklied en toets sekere melodieë in die nuwe boek daaraan. Opmerklik is ook sy verdediging van die behoud van Mendelssohn se Troumars vir huweliksbevestiginge in die kerk — iets waarmee ek graag saamgaan.

Nog twee opstelle wat in die bundel verskyn, is dié van S. G. A. Golden oor „Die kerksang in Nederland en Suid-Afrika vandag” — 'n interessante vergelyking — en dié van J. A. Loader waarin hy antwoorde gee op die vraag

„Waarom sing ons in die kerk?” Laasgenoemde lewer ook 'n sterk pleidooi vir 'n heel nuwe Psalmberyming, en wel in Nuwe Testamentiese perspektief — nie op literêre gronde nie, maar op teologiese gronde. Dit is 'n saak waaroor 'n mens jou met vrug kan verantwoord.

Een opstel wat 'n mens eintlik hartseer maak as jy dit lees, is D. J. C. van Wyk se opstel oor „Hervormde medewerking aan 'n Afrikaanse Psalm- en Gesangboek 1928-1978”. Dit is werklik 'n objektiewe en deeglike studie oor die ontwikkeling waaruit ongelukkig ook die stryd, verskille en verdeeldheid blyk wat geheers het onder die persone en selfs die kerke wat moes saamwerk aan die nuwe boek. Wanneer hy die werk beoordeel, kom hy tot die (vir my) ontstellende opmerking: „dat die Psalms in die Nederduitse Gereformeerde en Nederduitsch Hervormde Kerke almeer in vergetelheid gaan geraak” (bl. 155). En dit net oor die melodieë. As dit so is, was dit dan alles die moeite werd? Ek vra maar. Ook hy lewer 'n pleidooi vir 'n nuwe beryming, maar voeg by dat hy twyfel of die Afrikaanse kerke op hierdie tydstip oor gelowige digters, teoloog-digters beskik wat op die werk van Totius kan verbeter.

Nog net twee opmerkings oor die boek as sodanig: Eerstens sou ek graag 'n kort skets oor elke skrywer in die boek wou vind. Tweedens is daar heeltemal te veel drukfoute in die boek.

Saamvattend: Dit is 'n boek wat elke predikant, orrelis(te) en gemeentelid wat graag sing, behoort te lees. Dit is werklik insiggewend. Al stem 'n mens dan nie met alles saam nie, stimuleer dit wel deeglik 'n mens se gedagtes oor die kerksang wat tog so 'n heerlike deel van die liturgie kan en behoort te wees!

ARNOLD MULDER.

BOEKE VIR BESPREKING

L. Floor: *Het Gericht van God volgens het Nieuwe Testament*. Bijten en Schipperheijn B.V., Valkenburgstraat 106, Amsterdam-C. f16,90.

K. Runia: *Eigentijdse Vragen*. J. H. Kok B.V., Kampen. f18,50.

Die Versoening — 'n Dogmatiese Oorsig (Referate gelewer by vergadering van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suid-Afrika) (1978). Inhoud:

1. Die Versoening by Irenaeus (Prof. C. J. Botha);
2. Versoening volgens Anselmus en Abelardus (Prof. C. F. A. Borchardt);
3. The Concept of „Versöhnung” in Luther's Theology (Dr. W. Kistner);
4. Herman Wiersinga se Effektiewe Versoeningsleer (Prof. A. König). Prys slegs R2,18 (AVB en posgeld ingesluit). Dr. J. W. Hofmeyr (Sekretaris), Kerkhistoriese Werkgemeenskap van S.A., Churchlaan 359, Lynnwood, Pretoria 0081.